

Om God “raak te sien”

MAANDAG: Verlede week het ons die week afgesluit deur 'n vers in die Bybel bietjie anders te lees. Hierdie week wil ons die week op hierdie manier afskop. Die doel hier is om die teks te lees, nie om net teks klaar te lees of om noodwendig 'n sondegskool antwoord te soek nie, maar eerder om iets oor God raak te sien. **Die teks is Psalm 25:1-7.** Kry 'n plek waar jy bietjie kan stil wees en rustig raak. Lees die verse ten minste drie keer deur. Hardop as jy kan. En pause net bietjie tussen elke keer wat jy dit lees. Die eerste keer wat jy dit lees, luister net na die woorde. Die tweede keer, let op na wat val jou anders op. Dalk is dit 'n woord wat jy nie die eerste keer raak gehoor het nie, of dalk 'n spesifieke emosie of 'n prentjie. Wanneer jy dit 'n derde keer lees, vra die Here om jou aandag te vestig op 'n spesifieke woord, frase, beeld of gevoel wat spesifiek vir jou op hierdie dag, op hierdie oomblik sou uitstaan. Wat Hy graag wil hê jy moet hoor of sien. Dis okay as jy nie altyd voel hier het nou “iets gebeur” nie, maar dat jy jouself oopstel om te luister.

Gebed: Gebruik Ps 25:4-5 as die inleiding van jou gebed en gesels dan verder met die Here.

DINSdag: Lees weer Psalm 25:1-7. **Let op wat val jou vandag op. Wat sien jy vandag anders raak as gister?** In enige gesprek tussen twee mense is daar mos maar baie dinge wat 'n rol speel in hoe kommunikasie plaasvind. Jou emosies, hoe besig 'n mens se gedagtes is, waar jou aandag is, wat vroeër die dag alles gebeur het, die manier hoe 'n mens 'n ding sê, jou stemtoon en liggaamshouding, ens. So gebeur dit ook wanneer ons in verhouding met die Here leef. Hy ken ons gedagtes en emosies en ons dagboeke en werk deur sy Gees in ons harte. Die Bybel is so amazing dat jy dieselfde teks oor en oor kan lees en elke keer iets nuuts oor God kan ontdek. Die anderkant is natuurlik ook moontlik – dat ons gedagtes so besig is dat ons nie regtig luister nie. Dat ons (net soos in mense verhoudings!) luister om te *reply* en nie luister om te verstaan nie. So in plaas van om te hoor wat die Here vir ons wil sê, begin ons al klaar weer formuleer aan wat ons vir Hom wil sê. Daarom is dit so belangrik dat ons die dissipline aanleer en ruimte in ons dag maak vir gesprek met God. **WEEREENS**, nie omdat ons **MOET** nie, maar omdat ons die Here beter **WIL KEN**.

Gebed: Praat met die Here oor die dinge wat jou gedagtes besig hou en aangryp en vra Hom om jou te help om jou fokus op Hom in te stel en dat jy sy stem duideliker kan hoor.

WOENSDAG: Lees verder deur Psalm 25, van vers 8-15. Onthou om nie net deur die teks te hardloop nie, maar eerder te lees met die doel om “raak te sien”. Op watter “paaie” het die Here jou hierdie week al gelei (vers 12)? Vat 'n skoon vel papier en deel hom in die helfte sodat jy twee kolomme het. Dink aan alles wat vandag gebeur het (of gister, as vandag bietjie kort is!) – dinge wat jy gesê het, gedoen het, mense saam met wie jy was. Skryf soveel as moontlik daarvan in die linkerkantste kolom neer. Dink aan mense, plekke, gevoelens, dade – watookal jy kan onthou. As jy klaar geskryf het, kyk jou lysie deur en kies 3 van die dinge wat vir jou uitstaan. En dink waarom hulle vir jou uitstaan. Dalk staan 'n spesifieke gebeurtenis uit omdat dit 'n goeie belewenis was, of dalk omdat sleg was of met baie emosie gepaartgegaan het.

Gebed: Praat met die Here oor die dinge op jou lysie en vra Hom om jou te help om Hom in jou daaglikse program te kan raaksien.



Psalm 96:12
**die veld en alles daarop moet jubel,
al die bome in die bos moet hulle verheug
voor die HERE**

DONDERDAG: Lees weer Psalm 25:8-15. Kyk nou weer na die linkerkantste kolom van gister. Vul die lysie aan indien daar intussen iets gebeur het wat jy graag wil bysit omdat dit vir jou uitgestaan het. Dink terug aan al die dinge op jou lysie en vra jouself af wat dit is wat die Here dalk deur van daardie gebeure vir jou wou wys, of laat beleef. Skryf hierdie gedagtes in die regter kolom by. As dit moeilik is om dit in woorde om te sit kan jy net 'n sterretjie maak by die momente/plekke/mense/emosies in die linkerkantste kolom waar jy wonder of jy dalk die Here sou kon raak sien as jy wel op die uitkyk was vir Hom.

Gebed: Praat met die Here oor die momente wat jy gemerk het op jou lysie. En vra vir Hom om vir jou te wys wat dit is wat Hy vir jou deur daardie gebeure wou wys/laat beleef/leer.

VRYDAG: Lees vandag Psalm 25 in sy geheel. Dink na oor wat vandag opnuut vir jou uitstaan uit die Psalm. Wat sien jy raak? Ons het hierdie week bietjie terug gekyk en probeer oplet waar ons die Here sou kon raaksien in ons daaglikse lewe. Kon raaksien waar Hy dalk met ons besig is of iets vir ons wil wys. Dit nooi ons uit om aandag te gee (*to PAY ATTENTION!*) en nie te fokus op om aandag te soek nie. Soveel van die wêreld is gefokus daarop om aandag vir onself te kry. Dit is 'n gejaag na wind en laat mens ontevrede en onvergenoegd voel. Wanneer ons ons fokus en tyd en energie eerder draai om aandag te gee aan die mense om ons en om aandag te gee aan waar en waarmee die Here in ons lewens besig is, dan gebeur daar wonderlike dinge! Kom ons kyk dan nou bietjie vorentoe. Draai jou bladsy met die twee kolomme nou om en skryf agterop in groot letters die woorde “SIEN RAAK”. Skryf nou die dinge wat in die volgende paar dae voor jou lê. Kyk die lysie goed deur en dink by watter van die dinge wat jy gaan doen/moet doen jy graag die Here se teenwoordigheid en aktiwiteit wil raaksien. Merk hulle op jou papier.

Gebed: Praat met die Here oor die dinge wat op jou agenda is en dra dit nou al aan Hom op. Vra Hom om jou voor te berei daarvoor en jou te help om “raak te sien”.

